# Lesing 2 - 8 Maart 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

### Sagaria 4

6 Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die Woord van JaHWeH aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, **maar deur My Gees**, sê JaHWeH van die skeppings-leërmag.

7 Wie is jy, **groot berg**? Voor Serubbábel sal jy tot 'n gelykte word! En hy sal die **Hoofsteen te voorskyn bring** onder uitroepe van: Barmhartigheid, Barmhartigheid vir haar!

8 En die Woord van JaHWeH het tot my gekom en gesê:

9 Die hande van Serubbábel het die fondament van hierdie Huis gelê, en sy hande sal hom voltooi; dan sal jy weet dat JaHWeH van die skeppings-leërmag My na julle gestuur het.

10 Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl **daardie sewe - die Oë van JaHWeH wat die ganse Aarde deurloop - met Blydskap die Steen wat smelt aanskou in die hand van Serubbábel**?

### Openbaring 2 en visioen ontvang op 23 Julie 2018

"Hierdie was 'n harde dag vir jou MY kind, maar onthou MY Verlossingsplan: Jy sal alles verloor, behalwe jou en MY. EK het jou gewys, skryf dit neer en laat hulle sien! Hulle wat getrou is aan MY Opdrag om **hulle harte van klip te offer vir MY**."

Ek was heeltemal in die gees weggevat en het die volgende gesien:
Daar is 'n wiel van twaalf "en kyk", rondom die wiel is dit laataand. "Bo-op die wiel is daar stene wat die gekluisterdes behou.", sê 'n Stem. Die stene het vermenigvuldig en raak tot bo aan die vrugte van die Boom. Die Boom is die as van die wiel. "Die wiel het eens stilgestaan en vasgesit **in die kloof waar die draak woon**.", sê 'n Stem.

***Openb. 16:13*** *En ek het uit die bek van die* ***Draak*** *en uit die bek van die* ***Dier*** *en uit die mond van die* ***valse profeet*** *drie geeste van besoedeling soos paddas sien kom. [Exodus 8:2]*

*16:14 Want hulle is* ***geeste van demone*** *wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die Aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige Elohey.*

Ek sien toe 'n Ligglans deur die stene begin skyn vanuit die middel van die Boom en sien toe hoe die **stene** wat reg rondom die Boom gestapel is, **begin smelt** en die Lig het al sterker geword dat ek my oë moes toemaak. Tot die aand rondom die wiel het gewyk en ek het die **lieflikste reuk** opgemerk.

"Voorwaar MY kind EK IS spreek! Wend nie jou oe af van MY Glansrykheid en hou jou nie blind vir MY Liefdeswaarheid Bruid nie!"

***Openb. 5:8*** *en toe Hy die Boekrol neem, val die vier lewende Wesens en die vier-en-twintig oudstes voor die Lam neer, elkeen met siters en goue* ***bekers vol reukwerk, wat die gebede van die Apartes is****.*

Ek maak my oë toe moeilik oop en sien:
Die stene het heeltemal **weggesmelt** en ek sien toe 'n **baie jong vrou**, blosend van glimlag en sy dra die **pragtigste sneeuwit rok**.

***Openb. 19:7*** *Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die Majesteit gee, want die* ***Bruilof van die Lam*** *het gekom en Sy Vrou het Haar gereed gemaak.*

*19:8 En aan Haar is gegee om bekleed te wees met* ***gewasde en glansende fyn linne****, want die fyn linne is die* ***regverdige dade van die Apartes.***

*19:9 Toe sê hy vir my: Skryf - geseënd is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my:* ***Dit is die ware Woorde van Elohim***

Terwyl sy met haar linkerhand vashou aan die Boom, loopdans en sing sy om die Wiel terwyl die Wiel draai - haar regterhand uitgestrek tot in die oneindigheid. Sy het die pragtigste hemelblou oë gehad. Ek sien toe, rondom die wiel waar dit eens aand was, duisende ontelbare kindertjies wat opkyk met skitterende oë. Ek kyk toe ook op en sien toe Iemand op die Troon sit en musiek maak met 'n reënboog. My hart het begin pyn van oorweldiging en ek val toe neer op my knieë. Ek voel toe 'n hand op my skouer met 'n Stem wat vir my sê: "MY kneg, MY seun, dit is wat EK bedoel het toe EK gesê het: EK MAAK ALLES NUUT!" Dit is genoeg vir nou, maar bring hierdie Brood na MY Dogter wat getrou gebly het aan MY Liefde."